**Wat gebeur as die werkgewer die dienskontrak verbreek?**

Indien die werkgewer die dienskontrak verbreek, kan die werknemer die werkgewer vervolg in 'n siviele aksie vir kontrakbreuk of die geskil verwys na die Departement van Arbeid (byvoorbeeld as jy nie vir jou jaarlikse verlof of oortyd betaal was nie) Dit is natuurlik makliker om te bewys dat 'n dienskontrak deur die werkgewer verbreek was indien die kontrak skriftelik beding was in stede van mondelings.

Die werknemer is geregtig op ontvangs van ten minste die bepalings en voorwaardes vervat in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes. Indien die kontrakbreuk strydig is met 'n voorwaarde van die WBDV kan die werknemer 'n klagte indien by die Departement van Arbeid. Die departement sal die klagte ondersoek, en as bevind word dat die werkgewer nie die kontrak nagekom het nie, kan die Inspekteur 'n bevel tot spesifieke nakoming uitreik wat die werkgewer aansê om die WBDV na te kom.